



Gesag van die Gelowige

Dr. Gerrie de Haas

gerrie@gedaministries.co.za

GESAG VAN DIE GELOWIGE

'Want ons stryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die bose geeste in die lug'. Dit is wel so, maar ons dank God dat ons mag het oor hulle deur Jesus Christus.

Lukas 10:19

'Kyk, Ek gee aan julle die mag om op slange en skerpioene te trap en oor al die krag van die vyand; en niks sal julle ooit skade doen nie'.

Die mag om oor Satan te heers behoort aan jou. Die verantwoordelikheid berus by jou.

Inhoud

1. Gesag van die gelowige.
2. Waar is God nou?
3. Die opneem van jou gesag.
4. Sy krag is vir ons wat glo.
5. Vereistes vir Heilige Gees se teenwoordigheid.
6. Beoefen die mag wat aan jou behoort.
7. Die wapens van ons stryd.

1. GESAG VAN DIE GELOWIGE

Wat is die gesag wat die gelowige het?

Ons lees in Efesiërs wat die mag is wat aan die gelowiges behoort.

Efesiërs 6:12;

'Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bose geeste in die lug'.

Dit is wel so, maar ons dank God dat ons mag het oor hulle deur Jesus Christus.

Hierdie belofte is vir elke kind van God.

Efesiërs 1:3;

'Geseënd is die God en Vader van onse Here Jesus Christus wat ons geseën het met alle geestelike seëninge in die hemele in Christus,'

Paulus praat hier van die hele kerk en nie net van 'n paar uitgesoektes nie.

'Met elke geestelike seëning' beteken elke seëning wat alreeds aan ons gegee is.

Christus het alreeds alle voorsiening gemaak.

Hy het nie nodig om nog meer te doen nie.

In Christus kom alle geestelike seëninge en beloftes na ons toe.

Hierdie is alles ons beloftes, maar as ons nie daarvan weet nie, het dit geen waarde nie. 'n Persoon mag 'n vyftig Rand noot in 'n geheime vakkie van sy beursie geplaas het.

Eendag het hy skielik geld nodig en hy besef hy is sonder geld.

Hy het vergeet dat hy geld in sy beursie gesit het en moes nou sukkel daarsonder. As hy maar net kon onthou het. Dit leer ons net dat ons altyd bewus moet wees van die gesag in ons.

Kenneth Hagin skryf:

Met 'n geleentheid het hy 'n tien Dollar noot in die agterkant van sy notebeursie geplaas en ook daarvan vergeet.

Toe hy eendag geld nodig gekry het, het hy in die beursie gekyk en die geld daar gekry. Skielik onthou hy dat hy dit daarin geplaas het.

Hy kon dit nie spandeer het solank as wat hy dit nie onthou het nie, al was dit daar.

Die oomblik toe hy onthou het, kon hy dit gebruik.

Die geld was syne al die tyd.

Dit was net soveel syne toe hy nie daarvan onthou het, as wat dit was nou dat hy daarvan geweet het.

Dus, die mag behoort aan ons, al sou ons daarvan weet, of nie.

Jy kan ook bewus wees van wat aan jou behoort, maar geen voordeel daaruit trek nie, net omdat jy dit nie gebruik nie.

Die verhaal word vertel van 'n man wat in sy kamer dood aangetref is. Dit was 'n klein armoedige kamer wat hy vir vyftig Rand per week gehuur het.

Die mense van die omgewing het hom geken.

Hy was altyd in vodde geklee en het uit vullisbakke ge-ëet.

Toe hulle hom vir 'n paar dae nie gesien het nie, het hulle hom gaan soek en dood in sy bed gekry.

Die lykskouing het gewys dat hy dood is van ondervoeding.

Tog, om sy lyf, was 'n geldgordel waarin daar twintigduisend Rand gevind is.

Hierdie man het in volslae armoede geleef en koerante gesmous om aan die lewe te bly. Tog het hy geld besit.

Hy kon dit bekostig het om goeie kos te eet, maar, hy het egter nie gebruik gemaak van dit wat aan hom behoort het nie.

Dis so belangrik dat ons weet wat aan ons behoort.

Maar net om te weet, is nie genoeg nie.

Dis die kennis waarvolgens ons handel, wat aan ons resultate gee.

Hierdie mag behoort nie net aan 'n paar uitgesoektes nie – dit behoort aan almal. Dit behoort aan **al** die kinders van God. Met ons wedergeboorte het hierdie mag in ons ingekom. Die oomblik toe Jesus Christus Sy koninkryk in jou hart gevestig het, het ons die Naam van Jesus Christus ontvang en kan ons dit teen die duiwel gebruik.

Daar word gesê dat om mag te hê oor die bose net aan sommiges behoort aan wie God spesiale krag gegee het. Dis onwaar.

Satan wil nie hê dat mense moet weet wat aan hulle behoort nie.

Hy doen alles om hierdie waarheid vir hulle te verberg.

Hy weet dat hy nie langer God se kinders kan onderdruk as hulle eers die mag ontdek het wat in Christus Jesus aan hulle behoort.

Satan sal alles doen om mense te verhinder om tot kennis van hierdie waarheid te kom.

Jesus het gesê: 'En julle sal die waarheid ken en die waarheid sal julle vrymaak'. **(Johannes 8:32)**

WAT IS MAG?

Die Griekse woord wat vertaal word met 'krag' in die Nuwe Testament beteken eerstens 'mag' of 'outoriteit'.

Ongelukkig is die 'krag' nie altyd konsekwent reg vertaal nie.

Lukas 10:19

Hierdie is die voorbeeld waar albei woorde voorkom en reg vertaal is:

'Kyk, Ek gee aan julle die **mag** om op slange en skerpioene te trap, en oor al die **krag** van die vyand; en niks sal julle ooit skade doen nie'.

Wat word bedoel met mag?

Ons het verkeersbeamptes wat aangestel is om verkeer te beheer.

'n Verkeersbeampte lig eenvoudig sy hand en die verkeer kom tot stilstand.

Hy het glad nie die fisiese krag om hierdie voertuie tot stilstand te bring nie.

Hy het egter die mag van die departement wie hy dien. Al die bewegende voertuie en motorbestuurders erken dié mag wat hy het en gehoorsaam dit.

Mag is krag wat oorgedra is.

Efesiërs 6:10;

'Eindelik, my broeders, **word kragtig in die Here** en in die krag van sy sterkte'.

Baie mense lees dit en dink dat Jesus aan ons sê om sterk in ons self te wees. Daarom probeer hulle om altyd uit te hou en aan te hou. Maar die teks sê geen woord dat ons sterk in ons self moet wees nie. Daar staan duidelik:

'Word kragtig in die Here'.

Die verkeersbeampte probeer nie die voertuie met sy eie krag beheer nie, want hy kan nie. Hy maak staat op die mag wat aan hom gegee is.

Dis waarom jy reg voor die duiwel kan gaan staan, jou hand lig en vir hom sê om nie verder te gaan in wat hy doen nie, en hy moet luister.

Maak gebruik van jou mag.

Jy kan vir 'n ongehoorsame hond ook net soveel ruimte skep, maar daar kom 'n punt waar jy jou voet op die grond stamp en skree: 'Voertsek!'. Die hond sal net daar omdraai en huistoe hardloop.

Dis nou die manier om met die duiwel te werk.

Kenneth Hagin vertel van 'n droom wat hy gehad het: Hy en 'n ander man het op 'n voetbalveld gestap. Skielik kom daar twee groot leeus op hulle afgestorm. Hy sê: 'verskeurende monsters'.

Hy het geweet weghardloop kan hy nie.

Die twee leeus het vinnig nadergekom. Hy het doodstil gaan staan en wag. Hy skree toe vir die leeus dat hy hulle teenstaan in die Naam van Jesus Christus. Die leeus het net aanhou hardloop.

Skielik het hulle gaan staan, rondgesnuif en weggedraf. Op daardie oomblik het hy wakker geword. 'n Teks het by hom opgekom:

'Wees nugter en waaksaam, want julle teëstander, die duiwel, loop rond soos 'n brullende leeu, en soek wie hy kan verslind. Hom moet julle teëstaan, standvastig in die geloof, omdat julle weet dat dieselfde lyding opgelê word aan julle broederskap wat in die wêreld is'.

(1 Petrus 5:8-9)

Hy sê dat hy lank gestry het met sekere aspekte van gesag en die geestelike lewe, maar op daardie oomblik het hy die stryd gewen.

Efesiërs 6:10;

'Eindelik, my broeders, word kragtig in die Here en in die krag van sy sterkte'.

Laat ons hierdie mag gebruik, terwyl ons onthou dat mag krag is, wat oorgedra is.

Die krag van hierdie mag, hang af van die oortuigingskrag van die een wie dit gebruik.

Jesus het gesê: 'Ek gee aan julle die mag om op slange en skerpioene te trap, en oor die al die krag van die vyand'.

Hy, God self, is die krag agter die mag.

Die gelowige wat bewus is van die goddelike krag agter hom en van die mag wat dit hom gee, kan enige vyand vreesloos aanvat.

Agter die mag wat aan die gelowige behoort, is daar ook 'n krag groter as dit wat in ons vyande is.

Die vyand is daarom verplig om daardie mag te erken.

1 Johannes 4:4;

'Julle is uit God, my kinders, en het hulle oorwin, omdat Hy wat in julle is, groter is as hy wat in die wêreld is'.

Hy wat in die wêreld is, is die god van hierdie wêreld.

Satan is die hoof van die owerhede van die magte, van die wêreld heersers van die duisternis van hierdie eeu.

Maar, 'groter is Hy wat in julle is as hy wat in die wêreld is'.

Agter die mag wat aan die gelowige behoort is 'n krag, groter as die krag agter die vyand.

Die Gees sê nou:

'Krag op die aarde, bevestig in die Naam van Jesus Christus en verkry deur Hom as gevolg van Sy oorwinning oor die vyand, behoort aan die kerk.

Daarom, beoefen hierdie mag want dit behoort aan jou op die aarde en jy sal regeer in hierdie lewe as 'n oorwinnaar'.

Mattheus 28:18;

'En Jesus het nader gekom en met hulle gespreek en gesê: Aan My is gegee alle mag in die hemel en op aarde'.

Kyk mooi na die woord 'mag'. Alle mag is aan Hom gegee.

Christus het die mag oorgedra aan Sy kerk.

Hy het na die hemel opgevaar en is die hoof van die Kerk, terwyl ons die liggaam is.

Die mag word uitgeoefen deur die liggaam wat op die aarde is.

Dis nie iets wat Hy nog gaan doen nie.
Hy het dit alreeds gedoen.
Jesus is aan die regterhand van die Vader, die plek van mag,
en ons sit saam met Hom.
Ons het saam met Hom gesterwe en is saam met Hom
opgewek.

2.WAAR IS GOD NOU?

Een aspek van die gesag van die gelowige, is die
teenwoordigheid van die Heilige Gees in ons lewens.

As ek en jy die teenwoordigheid van die Heilige Gees wil
ervaar, gaan ons deur 'n fase van voorbereiding.
Ons moet besef dat die daaglikse vervulling met die Heilige
Gees, God se begeerte is vir ons lewens.
Elke oomblik van die dag moet ons op soek wees na die vars
teenwoordigheid.

Vir jare is ons geleer waar God was en wat Hy gedoen het.
Ons het nou by die punt gekom waar ek wil weet waar Hy nou
is en wat Hy nou op hierdie oomblik doen, want dit is waar Sy
teenwoordigheid nou is.

God kom nou en vra: 'Ek vra jou nie hoeveel jy van my weet
nie.

Ek vra jou: Ken jy My werklik? Wil jy My regtig hê?
Wil jy regtig in My krag en in My salwing beweeg?'

Hierdie is die tyd dat ek móét weet:

Daar is meer!

Ek is desperaat vir 'n ontmoeting met God – 'n baie naby
ontmoeting. Ek besef dat ek myself moet voorberei om in Sy
krag te kan loop.

Begin dan nou roep:

'Heilige Gees, neem beheer!

Heilige Gees, vul my met U teenwoordigheid!

Vul my met U gawes. Ek roep na U! Ek wil so graag regmaak met U'.

God wil werklik Sy kinders weer in besit neem.

Maar, Hy sal nie Sy Gees uitstort as Hy nie honger sien nie.

Om honger te wees beteken dat jy nie tevrede is met hoe dinge nou gaan nie. Alles waaraan ek behoort kon my sover nie help om in Sy volheid te lewe nie.

Vandag besef ek dat die hongerte in my moet wees.

Niemand anders gaan my hiermee help nie – net ek self.

Een ding besef ek: God wil Homself onder ons openbaar.

Hy wil groter word in ons en soveel van Homself vir ons gee, dat ons vlees nie in staat sal wees om dit te hanteer nie!

Wanneer laas was jy so honger vir God dat dit jou gedryf het tot by die punt waar jy nie omgee wat mense van jou dink nie?

Ons bekering was die begin van die voorbereiding vir Sy teenwoor- digheid.

Jy kan nie in Sy teenwoordigheid inkom sonder berou en bekering nie.

Soveel keer het ons hierdie gedeelte nie intens genoeg gedoen nie, met die gevolg dat ons dikwels op 'n laer vlak geleef het as wat God vir ons bedoel het.

Staan nou op en bevry jouself van 'dooie godsdiens'.

Bely alles wat jy nog nooit aan God vertel het nie en maak klaar.

Vra nou dat daar 'n geestelike honger in jou sal inkom.

Wees so honger dat niks anders vir jou sal saak maak nie.

Daar is nog 'n ander probleem ook.

Jesus Christus het die geestelike leiers van sy tyd bestraf en gesê: **Mattheus 23:13;**

'Maar wee julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, geveinsdes, want julle sluit die koninkryk van die hemele toe voor die mense; want julle gaan self nie in nie, en dié wat sou ingaan, laat julle nie toe om in te gaan nie.'

Dis baie sleg wanneer jy weier om in te gaan.

Maar wee jou leier, wanneer jy in die deur staan en weier om enige iemand anders te laat ingaan!

In die Bybel praat die Israeliete van die geopenbaarde teenwoordigheid van God as die 'Shekinah heerlijkheid van God'.

Dawid laat die ark van die Verbond terugkom na Jerusalem.

Hy was nie juis geïnteresseerd in die goue versoendeksel met die produkte daarop nie.

Hy was geïnteresseerd in die blou vlam wat tussen die uitgestrekte vlerke van die gerubs bo-op die ark gehang het. Dit is wat hy wou hê, want die vlam het aangedui dat God teenwoordig was.

Waar daardie heerlijkheid en teenwoordigheid van God gegaan het, was daar oorwinning en krag en seëninge.

Dit gebeur vandag nog. Wanneer God 'n plek of mense besoek, begin ongewone dinge gebeur, eenvoudig net omdat Hy daar is.

Ons sien dit wanneer 'n wolk van die teenwoordigheid van God skielik verskyn wanneer mense Hom werklik aanbid.

Die voorhangsel wat skeiding gebring het, het in twee geskeur toe Jesus Christus sterf op Golgota.

Dit gee vir ons vrye toegang tot God se teenwoordigheid deur die Bloed van Jesus Christus.

Die groot probleem is dat ons nie weet hoe om in te gaan nie!

Die teenwoordigheid van die Heilige Gees is juis daar om ons te help die verandering maak van die vlees na die heerlijkheid.

God kom nie na mense toe wat slegs Sy voordele soek nie.

Hy kom na mense toe wat Sy aangesig soek.

Kom verander ons asseblief Here!

Ons wil so graag hê dat God die wêreld moet verander, maar Hy kan nie voordat Hy ons nie verander het nie.

So baie mense in ons huis en by die werk en in die kerk word nie deur ons verander nie.

Ons sal net moet beweeg met 'n baie groter teenwoordigheid van God in ons lewens. Daar is iets omtrent Heilige Gees se teenwoordigheid wat alle dinge rondom jou laat verkrummel. Daarsonder sal jy net so vaal en flou wees soos almal om jou. Dit maak nie saak wat jy doen nie, sonder Sy teenwoordigheid sal jy net 'nog iemand' wees vir hulle om jou.

Ons besef tog duidelik: Dit help nie om net 'nog iemand' te wees vir die verlorenes om ons nie.

Dis wanneer ons hierdie besluit gaan neem: 'Ons gaan die teenwoordigheid van die Heilige Gees soek!'

Ek het besluit ek gaan Hom so soek dat Hy my só sal vul, dat, as ek in wêreldse plekke sal instap, ander mense Hom sal ontmoet.

Hulle hoef nie te weet ek is daar nie, maar hulle moet defnitief weet dat Hy daar is!

Die hele wêreld soek meer van God, maar hulle is moeg van gister se godsdienstige ervarings, hulle soek nou die Heilige Gees se egte teenwoordigheid.

Die groot rede hoekom al hierdie mense nie aan die kerk se

deure meer klop nie, is omdat Sy teenwoordigheid vervang is met menslike programme.

Die een rede is dat kerkleiers nie hulle eie probleme kon hanteer of van hulle bindinge en beperkinge kon ontslae raak nie.

Daar is nie kortpaaie na herlewing of die koms van Sy teenwoordigheid nie.

God se heerlikheid kan net kom as daar berou en gebrokenheid jou na jou knieë dwing, want Sy teenwoordigheid vereis 'n rein hart. Slegs mense wat op hierdie punt kom en oorwin, sal Sy aangesig sien

God is nie geïnteresseerd in jou godsdiens nie, Hy wil jou aanbidding hê. Die enigste aanbidding wat hy wel aanvaar, is aanbidding wat kom van nederigheid.

Ons sal soos die vrou in die Bybel Sy voete moet was met ons trane.

Die eindtydkerk se herlewing en die vervulling van God se doel op aarde, kan slegs kom uit hierdie brandende begeerte om Hom van aangesig tot aangesig te sien.

Mense, alles waaroor ons nou praat is ons eie verantwoordelikheid. Ek besef maar net dat alles van myself afhang.

Ek moet, ek moet – al kos dit wat.

Ons sien maar net weer 'n herhaling van die geskiedenis. Moses lei die Israeliete deur die woestyn.

Hulle sien wonderwerke en beleef die bo-natuurlike maniere waarop God vir hulle voorsien, maar daar was nie tyd om dankie te sê nie.

Net die volgende dag het hulle weer begin kla en murmureer. Al hulle klagtes het verband gehou met hulle eie fisiese en

emosionele behoeftes.

Vandag gaan dit met die meeste Christene nog net so.

Moses wou iets meer gehad het en dis waarom hy al die wonder-werke ervaar het.

Hy het God se stem gehoor en was getuie van God se krag.

Die vraag kom weer op:

Is jy voorberei vir die teenwoordigheid van die Heilige Gees?

Daar bly maar altyd so 'n groot stryd tussen die Gees en die vlees. Hoe meer jy kan sterf, hoe nader kan Hy kom.

Terwyl jy kan beleef hoe jou eie vlees sterf, besef jy dat alles van die Gees vir ewig is en so ook Sy heerlijkheid.

Daardie deel van jou wese wat regtig wil leef, kan vir altyd leef, maar iets van jou vlees moet sterf.

Weet dat jou vlees en die 'eie ek', die heerlijkheid van God weghou.

God stuur Sy vuur om alles wat nie van Hom is nie, weg te brand. Almal van ons moet êrens op 'n altaar gaan lê – 'n altaar van rowwe klip en vra: 'God stuur U vuur en brand al die stoppels en hooi en kaf uit my lewe uit, sodat net die goud en silwer kan oorbly'.

Jy het niks om te verloor nie – net jou vlees.

God soek nie na godsdienstige mense nie, Hy soek na mense wat warm agter Sy hart aan is.

God is meer geïnteresseerd wat Hy in jou kan doen, as wat Hy deur jou kan doen. Hy wil mense hê wat Hom wil hê, meer as wat hulle Sy seëninge wil hê.

Jy mag voel dat die wêreld probeer om jou te beperk. Ons moet losbreek van hierdie beperking wat op ons geplaas is en begin doen wat God se doel in ons lewe is.

Bekering en verlossing is 'n gratis gawe, maar die teenwoordigheid van die Heilige Gees sal ons alles kos.

Ons gebed moet wees:

'Vader, ek wil nie net U seëninge hê nie, ek wil U hê.

Heilige Gees, ek wil hê U moet naderkom en my aanraak.

Raak aan my oë.

Raak my ore en my hart aan asseblief.

Verlig my verstand en verander my, want ek is moeg vir myself soos ek is. Ek soek U teenwoordigheid Heilige Gees van God.

AMEN'.

God sal vir die mens enigiets doen wat jy Hom vra, solank as wat jy alles sal doen wat Hy jou vra om te doen.

Ek en jy moet vandag 'n besluit neem. Ons gaan begin om brood te bak. Jy gaan aanhou oefen totdat jou brood perfek is.

Een oggend gaan jy begin om jou baksel brood op te tel en na jou voordeur toe te gaan.

Daar in jou voorhuis gaan jy dit neersit.

Maak nou die voordeur oop en sê:

'Vader, stuur vir my iemand wat vandag die brood wat ek gebak het, nodig het. Ek weet almal het dit nie nodig nie, maar ek weet iemand het dit nodig. Stuur hulle oor my pad asseblief'.

AMEN

3.OPNEEM VAN JOU GESAG

Die gesag van die gelowige is 'n werklikheid en 'n moet vir elke gelowige.

Die opneem van jou gesag en salwing en bekragtiging is die merkbare manifestasie van God se krag in jou lewe.

Die oomblik dat jy in krag begin beweeg en die oomblik dat God instap, gaan iets gebeur.

Lukas 5 : 17 sê:

'Daar was krag in Jesus om die siekes te genees wat hulle vir Hom gebring het'.

Die werklike manier waarop God se krag deur en in ons werk, was vir lank vir die kerk duister.

Daarom die jare sonder enige manifestasie en vloei van die Gees.

As gevolg van die onkunde in die kerk het hulle oor jare verander na net nog 'n verwysende instansie.

Kerke stuur te maklik hulle mense en alkoholiste en dwelm-gebruikers na rehabilitasie-sentrums, in plaas van om hulle self te hanteer en vry te maak deur die krag van die Heilige Gees.

Niemand kan ooit kom vertel dat God se teenwoordigheid en salwing in 'n kerkdien was, maar niks het gebeur nie.

As dit teenwoordig is, sal iets gebeur.

As dit nie teenwoordig is nie, sal niks gebeur nie.

Die predikant kan daar voor staan en preek en praat maar as die salwing van God se Heilige Gees nie op sy lewe is nie, sal niks gebeur nie.

Almal gaan maar net weer na die diens huistoe – dieselfde.

Wat sê **Sagaria 4:6** ?

'Nie deur krag of geweld nie, maar deur my Gees sê die Here'.

Dis so belangrik dat ons God se Gees moet begin toelaat om ons totaal te beheer elke keer as ons bymekaar kom.

Wat is meer heerlik dat Hy inkom en mense se lewens aanraak en verander op Sy eie manier.

Dit is nie ons krag of vermoëns nie. Nee, dis Sy krag en salwing. Hy wil net hê dat ons ten volle op Hom moet vertrou.

Wat is Sy belofte ? **Lukas 10 : 19**

'Kyk, Ek gee julle die mag om op slange en skerpioene te trap, en mag oor al die krag van die vyand'.

Wat kom God se krag doen? Dit kom om die las van jou skouer af te neem en die juk van jou nek af.

Ek glo nog altyd dat die oomblik dat jy bewus word van die bekragtiging in jou lewe – dit die tyd is dat bediening begin. Mense gaan genees word en mense sal bevryding ontvang.

As God se gesag inbeweeg in 'n gebou of tussen mense, is daar altyd 'n doel daarmee.

Dis wanneer goed gebeur in 'n paar minute wat anders maande sou geneem het.

DIE GESAG IS DIE TOERUSTING:

Die bekragtiging is die bonatuurlike toerusting wat ons nodig het om die taak te verrig.

God sal nooit iemand kies om 'n taak te verrig sonder om hom daarvoor toe te rus met die nodige krag nie.

Net soos wat 'n bergklimmer die nodige toerusting nodig het om tot by die hoogste piek uit te kom – so ook ons.

Die bekragtiging is soos 'n mantel, 'n kleed, wat ons moet aanhê. Sonder dit bly ons maar net te kaal.

Om sonder God se salwing te bedien, help niks.

Anders is alles maar net my eie krag – en dit is baie min werd.

Ons moet ook weet: Jy kan nie die gesag vervals nie.

Dit is óf daar, óf nie daar nie.

Daarom is dit so nodig om ingehak te wees met die Heilige Gees om enige resultate te sien.

Alles gaan oor die roeping en guns op jou lewe – uit genade.

DIE GESAG IS SOOS DIE WIND:

Die bekragtiging is nie 'n gevoel nie, maar kan gevoel word.

Jy sien niks nie, maar verseker voel jy iets.

Haal 'n gloeilampie uit en druk jou vinger daarin – dis 'n skokkende ondervinding.

Salwing is nie dat mense val onder krag nie.
Alhoewel dit baie algemeen is dat mense kan val as God se krag oor hulle kom, is dit geen reël nie.
As dit gebeur is dit die gevolge van krag.
Wie se krag ? Die Heilige Gees s'n.
Mense het geen geestelike krag van hulle eie nie.

Die salwing is soos die wind.
Jy kan wind nie sien nie maar jy kan die gevolge van wind sien.
Jy kan salwing nie sien nie maar jy kan die gevolge van salwing sien.
Wat gebeur ?
Onder salwing word mense gered, genees, vrygemaak en bevry.

HOEKOM SOMMIGES NOOIT DIE GESAG ONTVANG NIE:

1. Hulle is so vasgevang in hulle daaglikse sorg, dat hulle gedagtes nooit by God is nie.
2. Hulle bedink nooit geestelike dinge nie.
3. Hulle spandeer geen tyd in aanbidding nie.
4. Daar's geen werklike kommunikasie met God nie.
5. Dis asof hulle net op 'n ander golflengte funksioneer.

GESAG IN DIE LEWE VAN JESUS CHRISTUS:

Ons moet na die bekragtiging in die lewe van Jesus Christus kyk, om dinge beter te verstaan.

Johannes 14:12

'Wie in My glo – die werke wat Ek doen, sal hy ook doen; en hy sal groter werke doen as dit, omdat Ek na my Vader gaan'.

Hierdie vers is so belangrik.
Wat Jesus gedoen het, verwag Hy nou dat ons moet doen.
Die gesag is na ons toe oorgedra.

Lukas 4:18

Jesus sê: 'Die Gees van die Here is op My, omdat
* Hy My gesalf het om die evangelie aan die armes te bring.
* Hy het my gestuur om die wat verbryself van hart is, te genees.

- * en aan blindes, herstel van gesig,
- * en om die wat gebroke is in vryheid weg te stuur,
- * en om die aangename jaar van die Here aan te kondig’.

Die bediening van Jesus het nie begin voordat Hy nie afgekom het na die Jordaan-rivier om deur Johannes die Doper gedoop te word nie. Daarna kom die Heilige Gees soos ’n duif. In die woestyn word Hy totaal vervul met die Heilige Gees.

Van daardie oomblik af was Jesus Christus toegerus om in die bediening te staan waarvoor Hy geroep is.

Handelinge 10:38 vertel dit mooi:

‘Jesus van Nasaret, hoe God Hom gesalf het met die Heilige Gees en met krag.

Hy het die land deurgegaan, goed gedoen en almal genees wat onder die mag van die duiwel was, omdat God met Hom was.’

Die hele drie-enige Godheid hier in aksie:

‘God salf Jesus Christus met die Heilige Gees’.

Ek glo dat as God ons wil gebruik, sal Hy ons ook wil salf met dieselfde Heilige Gees en met krag.

Net soos God vir Jesus gesalf het, beteken dit ook dat daar ’n tyd in ons lewens moet wees wat ons ook bekragting en gesag moet ontvang.

Ons weet dat Jesus in elkeen van die vyfvoudige bediening se ampte gestaan het.

Johannes 3:34;

‘Want God gee Hom (Jesus) die Gees nie met mate nie’.

Jesus was ’n **APOSTEL.**

Hy het gekom om die grootste werk ooit te kom doen – om mens te kom verlos en te red.

Jesus was ’n **PROFEET.**

Hy het gewandel in die profetiese al die tyd.

Hy sê ook: ’n profeet word nooit in sy eie stad erken nie.

Jesus was 'n **EVANGELIS**.

Hy het Sy evangelie aan die hele mensdom kom bring.

Jesus was 'n **PASTOR – HERDER**.

Die goeie herder wat Sy lewe vir die skape kom gee het.

Hy was 'n **LEERMEERSTER**.

Hy het hulle geleer soos iemand met outoriteit, en nie soos die skrifgeleerders nie.

Ek en jy het nie individueel die bediening van Jesus Christus nie.

Hy het nooit sy bediening aan een enkele persoon gegee nie – nee, Hy het dit vir Sy liggaam gegee.

Efesiërs 4:7, 11

'Maar aan elkeen van ons is die genade gegee volgens die mate van die gawe van Christus.

En Hy het gegee sommige as apostels, ander as profete, ander as evangeliste, ander as herders en leraars'.

Almal wat geroep is om te staan in die vyfvoudige-bediening maak almal tesame die bediening op van Jesus Christus tans op die aarde. Die evangelie van die Koninkryk is nie geplaas op een individu alleen nie, en daarom is dit nie net een persoon se verantwoor-delikheid nie.

Dis hoekom die herlewing wat kom, ook nie net deur een groep sal kom nie.

Dit sal kom deur 'n bloedgewaste kerk wat God sal oprig vir hierdie uur om Sy heerlijkheid na die wêreld toe te neem.

Die profete en die apostels sal saam begin vloei en so die eindtyd kerk begin voorberei vir 'n magtige herlewing.

Dis so duidelik dat baie deel hieraan wil hê, maar sonder Sy aanraking is ons niks nie.

Niemand sal ooit die glorie vir homself kan neem nie .

Dit gaan 'n bonatuurlike uitstorting van die Heilige Gees wees, wat geen groep beheer oor gaan hê nie.

DIE GESAG IS VIR ELKE GELOWIGE:

Elke gelowige is in hierdie uur geroep tot die bediening van herstel en versoening, maar nie elke gelowige is geroep om in die 5-voudige bediening te staan nie.

Hierdie roeping kom direk van God af en het niks met mens te doen nie – dis altyd net genade.

Daar is altyd eers die keuse wat ons maak om 'n gelowige te word. Die volgende wat moet gebeur is om werklik wedergebore te word. Nou sal ons verander en begin om Sy salwing te kry. God kom woon binne-in jou en jy word nuut. Ons word ingeroep en met 'n prys gekoop. So word ons almal nuwe skepsels in God.

Hierdie prosesse volg die een op die ander een – dit gebeur nie net vanself nie.

Daarna kom die belangrikste deel – om ten volle vervul te word met die Heilige Gees.

As die Heilige Gees inkom, ontvang ons krag – dis die belofte.

Krag vir wat ?

Krag om 'n getuie vir Jesus Christus te wees.

Die woord 'getuie' kan ook vertaal word met die woord:

'martelaar'.

Met ander woorde: Hulle wat Gees-vervuld is, is mense wat bereid is om te sterf vir wat hulle glo.

God se roeping is 'n heilige roeping.

Dis iets groter as die normale.

Dis iets waarvan jy nooit weer sal kan wegkom nie.

Dis iets wat vir ewig sal brand binne-in jou.

Mag ons elkeen die opborreling en opwinding van die Heilige Gees ontvang en mag God elkeen van ons op Sy spesiale manier gebruik.

God kom sê vir elkeen van ons:

‘Seun/dogter, dis jou verantwoordelikheid om die goeie nuus aan die mense te bring.

Dis My verantwoordelikheid om myself aan hulle te bewys.
Jy kan my nie bewys aan iemand nie.
Net Ek kan dit doen.

Jy vertel aan hulle die goeie nuus, en van Jesus Christus, en daag hulle uit om te bid en My te vra om ‘n werklikheid vir hulle te word.

Die res behoort aan My – Ek sal dit doen.’

4. ‘SY KRAG IS VIR ONS WAT GLO’

Efesiërs 2:1-7;

‘En julle het Hy lewend gemaak, wat dood was deur die misdade en die sondes waarin julle tevore gewandel het volgens die loop van hierdie wêreld, volgens die owerste van die mag van die lug, van die gees wat nou in die kinders van die ongehoorsaamheid werk, onder wie ons almal ook vroeër gewandel het in die begeerlikhede van ons vlees toe ons die wil van die vlees en van die sinne gedoen het; en ons was van nature kinders van die toorn net soos ook die ander.

Maar God, wat ryk is in barmhartigheid, het ons deur sy grote liefde waarmee Hy ons liefgehad het, ook toe ons dood was deur die misdade, lewend gemaak saam met Christus—uit genade is julle gered — en saam opgewek en saam laat sit in die hemele in Christus Jesus, sodat Hy in die eeue wat kom, kan betoon die uitnemende rykdom van sy genade in goedertierenheid oor ons in Christus Jesus.

Kom ons kyk ook net weer na ***Efesiërs 1:19***;

'En wat **die uitnemende grootheid van sy krag is vir ons wat glo**, na die werking van die krag van sy sterkte'.

Met ander woorde, daar was so 'n vertoon van die goddelike almag van God se krag in Jesus, deur Hom op te wek uit die dood, dat hierdie die magtigste werking van God is. Die opstanding is teëgestaan deur geweldige kragte van die lug.

Alle owerhede, magte en heersers in hierdie wêreld het saamgestaan om God se plan te keer.

Maar, Christus hét opgestaan, hét opgevaar en sit aan die regterhand van die Vader. Christus hét Satan se krag oorwin. Christus is op die troon verhef vér bokant alle mag en Hy heers met die mag van die Allerhoogste.

Die oorsprong van mag is gegrond op God se opwekking van Christus en die plek wat God aan Christus aan Sy regterhand gegee het.

Hier word gepraat van die uitnemende grootheid van Sy krag, 'vir ons wat glo'.

Hy praat so duidelik dat die oë van die kerk geopen mag word – nie net die oë van die kerk van Efese nie, maar die oë van al die kerke. Dit is God se begeerte dat ons weet wat gebeur het. Hy wil hê dat ons weet dat Hy Christus gestel het 'ver bo alle owerhede en mag en krag en heerskappy'. (Efesiërs 1:21)

Die Heilige Gees bid deur Paulus dat die kerk in Efese en ons vandag hierdie waarheid moet insien. Wat moet ons sien? Ons moet baie duidelik sien wie ons in Christus Jesus is, dat ons Sy gesag so kan verstaan.

Ons moet sien dat die kruis van Christus vir ons 'n plaasvervanger wys. Christus is die plaasvervanger en Hy het die oorwinning behaal vir die mensdom. Hy het 'n troon en 'n

hemelse bediening voorberei vir diegene wat deur Hom ook sal oorwin.

Toe God vir Christus uit die dode opgewek het, was dit ook die op-wekking van Sy volk. Met ander woorde: Die daad van God wat Christus uit die dode opge-wek het, het ook Sy liggaam opgewek. Ons is vandag Sy liggaam. Ons moet dit beseef: In God is ons ook uit die dode opgewek toe Christus uit die dode opgewek is.

Die Bybel sê: 'Maar wie die Here aanhang, is een met Christus'. Ons is een met Christus. Ons sit saam met Hom aan die regterhand van God in hemelse plekke. Soos alle dinge onder Sy voete geplaas is, so is dit ook onder ons voete geplaas.

Ons moet nie te veel klem op die kruis plaas nie. Mense het begin dink dat hulle veronderstel is om by die kruis te bly. Die kruis is eintlik 'n plek van neerlaag. Die opstanding is die plek van oorwinning.

Ons moet egter eerste na die kruis toe gaan, maar laat ons nie daar bly nie. Kom ons gaan voort na die troonbestyging. Sommiges wat die Heilige Gees ontvang het, het teruggegaan na die kruis en het daar gebly.

Die Gees sê nou vir ons: 'Nou my volk, gee ag op My Woord. So sal jy verlos word van gevangenskap van die dood en sal jy wandel in 'n nuwe lewe'.

Die regterhand van die troon van God is die middelpunt van die krag van die heelal.

Sy belofte: **Hebreërs 1:14;**

'Sit aan my regterhand totdat Ek u vyande gemaak het 'n voetbank van u voete?'

Dit beteken eenvoudig dat ons kan deel hê aan Sy mag.

Ons is in Sy plan verhoog sodat ons hierdie mag kan uitoefen oor die kragte van die lug.

Vriend, ons word menige keer deur die storms van die lewe gepla. Maar, elke keer wanneer die storm opkom het jy die mag om te doen presies wat Jesus gedoen het: Hy het die storm bestraf en dit het bedaar.

Ons moet nie verbaas hieroor staan nie want Jesus het self gesê:

Johannes 14:12;

'Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie in My glo - die werke wat Ek doen, sal hy ook doen; en hy sal groter werke doen as dit, omdat Ek na my Vader gaan'.

Hierdie is die groter kwantiteit, die groter hoeveelheid van die werke, nie die kwaliteit nie.

Met die kwaliteit het Jesus alreeds Sy standaard gestel.

Jesus het nie gesê dat net 'n paar uitgesoektes hierdie werke sal doen nie. Hy praat van elke gelowige.

Ons het mag omdat ons Christene is.

Hierdie mag het aan ons beskikbaar geword omdat ons saam met Hom sit in die hemele.

Ons moet bereid wees om die Hele pad te gaan.

Ons verkondig verlossing van sonde en die ontkoming van die ewige oordeel, maar die verlossing van siekte en verlossing van duiwelse onderdrukking word net nie gedoen nie.

As jou lewe dus kragteloos is en jy besef dat God vir jou vermeer weggeleë het as wat jy tot dusver op geestelike gebied ervaar het, is dit tyd dat jy jouself ondersoek.

Onthou net: Hierdie geld vir diegene wat erns wil maak met God en geestelik wil groei en bereid is om God op Sy Woord te neem.

Is jy so 'n persoon?

Laat ons dan nou uitgaan in hierdie gesag – die gesag van die gelowige en dit begin doen.

Die groot boodskap is om te besef dat ons almal 'n goddelike kanaal moet wees.

Om die gesag van die gelowige op te neem loop hand aan hand met heiligmaking: 'n rein, toegewyde wandel voor God.

Hebreërs 12:14;

'Jaag die vrede na met almal, en die heiligmaking waarsonder niemand die Here sal sien nie'.

5.VEREISTES VIR HEILIGE GEES SE TEENWOORDIGHEID

Alreeds in die bybel se tyd was daar mense wat gesmag het na God se teenwoordigheid.

Job: 'O, dat ek mag weet waar om Hom te vind'.

Dawid: 'My siel smag na U'.

Paulus: 'Dat ek Hom mag ken'.

Om God en die Heilige Gees se teenwoordigheid te soek is waaroor die geestelike lewe werklik gaan.

Dis die bewustheid van God se Gees die hele tyd in jou.

Om Hom te ken en saam met Hom te wandel – dis wat dit is.

God se teenwoordigheid moet die middelpunt, die absolute voorwerp van ons hele lewe wees.

Daar is baie vereistes om in Sy teenwoordigheid te kom:

(1) Dit is nie vir die lafhartiges nie, want in jou soeke na God moet jy gewillig wees om te sterf in die proses.

(2) Om in 'n nuwe geestelike vlak van jou lewe in te gaan van krag en heerlikheid moet jy jouself uitlig uit jou normale roetine.

(3) Jy moet ontevrede wees met jou huidige vlak van 'ek is godsdienstig, maar leeg'.

(4) Jy moet ontevrede wees om 'n lewe te lei sonder om in die volheid te wandel.

- (5) Daar moet 'n honger en 'n dors wees om die guns van God op jou lewe te hê.
- (6) Moet nie geïnteresseerd wees om net te bly by die ou stowwerige waarheid wat aan almal bekend is nie – soek na Sy vars teenwoordigheid nou.
- (7) Moet nie net altyd op sy spoor loop nie – loop so dat jy Hom kan inhaal en kry.

Johannes 4:23 : 'Maar daar kom 'n uur, en dit is nou, wanneer die ware aanbidders die Vader in gees en waarheid sal aanbid'.

Daar is 'n dimensie anderkant die salwing en die bekragtiging. Toe Aäron gesalf is as priester het hy onmiddelik omgedraai en in die teenwoordigheid van God ingegaan en vir sewe dae nie teruggekeer nie.

Die salwing het hom voorberei om in die realm van heerlikheid in te gaan.

Dis waarin God vandag sy kinders wil lei.

Ons het in die kerk nou genoeg lering ontvang van die salwing: Dit moet nou oorskuif na die heerlikheid van Sy teenwoordigheid. Ons word aangetrek na daardie dimensie waar Christus ons roep om in te gaan – agter die voorhangsel in – na sy geopenbaarde teenwoordigheid.

Die verskil tussen die 'waarheid van God' en 'openbaring' is baie eenvoudig.

Die waarheid is waar God gewees het.

Openbaring is waar God nou is.

Die waarheid is sy spoor, sy pad, sy weg waarop hy beweeg het.

Openbaring is om by hom te wees en te sien wat hy nou besig is om te doen.

Die kerk het oor die jare 'n groot poging aangewend om presies te sien waar God was. Hulle het jare spandeer en debatteer oor hoe Hy sekere goed gedoen het.

As jy werklik 'n soeker is na God se teenwoordigheid, is al hierdie dinge onbelangrik.

Hulle wil weet waar hy nou beweeg en by wees met wat hy nou besig is om te doen. Hulle wil net by hom wees!

Na al die jare se lees en leer van God, het ons begin glo ons ken Hom, maar skielik staan Hy hier voor jou en vra:
'Ken jy my werklik? Wil jy my regtig hê?'

Daar is tog 'n groep in die kerk wat altyd sal sê: Ek het mos die Heilige Gees deelagtig geword toe ek tot bekering gekom het. Waaroor dan nou hierdie dieper vlak? Is ek dan nie vervul met die Heilige Gees nie?
Dis ongelukkig deel van die misleiding in die kerk.
Dat ek maar net tevrede moet wees met wat ek dink ek het.

Al die plekke waarheen jy reis sal jy dieselfde behoefte sien: Mense wat geestelik dinge anders begin sien. Hulle roep uit: 'Ons weet daar is iets meer en daar is iets dieper in die geesteswêreld'.
Maar omdat mense dit nie vind in alledaagse kerk nie, gaan soek hulle dit elders.
Hulle is honger om van iets te hoor wat buite hulleself is.
Mense wil in verbinding tree met 'n hoër mag en dit dryf hulle na snaakse plekke, alles behalwe die kerk.
Daarom, veral onder die jeug is daar 'n ongewone belangstelling in die mistiese geestelike dinge. En daar is ongelukkig so baie wat die wêreld aanbied.

Die behoefte is nie om vir jare **oor** Hom te praat nie, ons moet **met** Hom begin praat.
Ons word nou gedryf deur desperaatheid – desperaat vir 'n ontmoeting met God – 'n baie naby ontmoeting.

Ons moet ophou om Sy voordele te soek – ons moet Hom soek.
Ons doen soveel dinge uit onself, dat die dag as God opdaag, ons skielik besef Hy stel nie belang in enigiets wat ons vir Hom kan doen nie. Al wat vir Hom belangrik is, is die antwoord op een vraag: 'Wil jy My hê?'

Waar begin ek? Sondeberou berei altyd die weg voor en maak die pad van ons harte reguit.
2 Korinthiërs 7:1;

'Terwyl ons dan hierdie beloftes het, geliefdes, laat ons ons van alle besoedeling van die vlees en die gees reinig, en laat ons die heiligmaking in die vrees van God volbring'.

Berou gee toestemming aan soeke na Sy teenwoordigheid – baie spesifieke berou en belydenis.

God is moeg om die tweede plek in te neem teenoor alle ander dinge in ons lewens.

Hierdie dinge het ons honger vir hom gesmoor.

Die gevolg is dat ons dikwels op 'n laer vlak leef as wat God vir ons bedoel het.

DIE WERKE VAN DIE VERBOND

Na Jesus Christus se hemelvaart vestig die kerk homself op aarde deur die werke van die apostels en die ander gelowiges.

God kom sluit 'n verbond met die kerk en die Heilige Gees kom om in elkeen van die gelowiges te wees en om hulle in die volle waarheid te lei. Die werke van die verbond moes die kerk toerus en bestuur.

Sedertdien blyk dit dat die kerk vandag hierdie werktuie van die verbond verloor het.

Jesus sê deur die apostel Johannes in **Openbaring 2:4-5**:
'Maar Ek het teen jou dat jy jou eerste liefde verlaat het. Onthou dan waarvandaan jy uitgeval het, en bekeer jou en doen die eerste werke. Anders kom Ek gou na jou toe en sal jou kandelaar van sy plek verwyder as jy jou nie bekeer nie.'

Die kandelaar is nog altyd 'n tipe van Sy teenwoordigheid. Die oomblik toe ons die werke van die verbond verloor het, het ons ook die gemeenskap van die Heilige Gees verloor. Dit was nog altyd God se plan dat ons Hom moet ontmoet deur die Gees, en niks anders nie.

Vandag besef die kerk hierdie verhouding is verbreek. Oral is daar groepe wat bymekaar kom om hierdie verhouding te probeer herstel.

Wat het dan gebeur?

Christene het die eerste werke vergeet – die werke van geloof, en dit vervang met werke van tradisie en oppervlakkige wêreldse dinge.

Dit het stelselmatig ingesypel in ons daaglikse aanbidding.

Dinge van die vlees het na vore gekom.

Die groot rede daarvoor is dat leiers en voorgangers nie hulle eie persoonlike probleme kon of wou oplos nie.

Nou in desperaatheid probeer hulle om hierdie verlore kommunikasie met God te herstel.

Die vraag bly: Wat is dan die vereiste om die teenwoordigheid van die Heilge Gees te verkry?

Hoekom slaag hulle nie?

Bloot omdat hulle verwag God moet by hulle aanpas, en nie ons by God nie.

Daar is nou orals oordrewe lering en seminare oor hoe om tiendes te gee, hoe om die Tien Gebooie uit te leef, hoe werk sekere talente en 'n oorbeklemtoning van liefdadigheid. Alles draai om mensgemaakte idees en planne, terwyl God ver daarvan verwyder is.

Hy is tog immers Gees.

Kan ons Hom dan nie op Geesvlak ontmoet nie?

Al wat al die planne doen is net om die pad oop te maak vir misleiding en verleidelike geeste.

Ons moet besef:

Om geestelik te wees is nie in tiendes gee nie, want Christus is nie net in Tiendes nie.

Daar is geen patroon in Tiendes gee wat 'n groter realiteit van Christus in my kan skep nie.

Ek kan nou geld hier uithaal en vir jou gee, maar dit maak nie my verhouding in die gees met Christus anders nie.

Dieselfde geld van lesings van die Tien gebooie of die uitdeel van kennis of die werke van liefdadigheid.

Ja, dis alles wat bykomstig vir die Christen gegee is, maar dit kan nooit die persoonlike verhouding wat ons met die Heilige Gees moet hê, vervang nie.

Christus is nie in al hierdie vormgodsdienste nie en daarom is dit vir die Heilige Gees so moeilik om deur dit alles Christus in ons te vorm.

Ons het net te veel patrone en maniere en dingetjies in ons lewe – dit verhinder werklike heiligmaking.

Hierdie wêreldse standaard wat deel geword het van die kerk – kan ons dit vandag hier gebruik om mense tot redding te bring? Nee.

Kan ons vleeslike dinge gebruik om God te wys dat ons vir Hom lief is? Nee.

Ons kan alleenlik ons liefde vir Hom wys as ons Sy geboorte onderhou.

Dit is: Reinheid van hart en Gehoorsaamheid.

Jesus Christus se wet is die wet van genade en die waarheid – en dit is in ons as gebed, as prediking, as outoriteit en as profesie.

Die Heilige Gees kan alleenlik deur hierdie kanale jou hart oopmaak vir genade en vir die waarheid.

INTIMITEIT MET DIE HEILIGE GEES

My geloof is dat ek deur geloof en gebed, alles in my hele lewe kan laat gebeur, wat God vir my beplan het. Die een ding wat soms in my pad staan, is die vrees vir die onbekende.

Ek is totaal uitgegee aan die bo-natuurlike lewe, en glo dat ek daarin beweeg en lewe.

Kolossense 3:2; Paulus wat skryf:

'En ek bedink die dinge wat daarbo is, nie die dinge wat op die aarde is nie'.

Ek glo ons gaan 'n tydperk binne wat gaan bestaan uit:

1. Om in die Gees te sien – geopende geestelike oë; met manifestasie en tekens van krag.

2. 'n Baie groter en hoër vlak van die profetiese.

Die hele kerk, nie net 'n paar persone nie, staan op die drumpel van 'n nuwe dimensie van openbaring, van kennis, en van die profetiese. Dit is ons plig om ons standarde en verwagtinge op te lig, om te kan sien hoeveel ons van God kan hê en hoeveel ons van God kan sien.

Dis waaroor die teenwoordigheid van die Heilige Gees gaan. Dis ook die tyd waarin ons die hele liggaam sal leer hoe om hulle geestelike sintuie te begin gebruik.

Hulle moet geleer word om in 'n posisie te kom om die volgende te ervaar:

- Meer visies.
- Meer drome.
- Om meer te kan sien in die Gees,
- en om Hemelse ondervindinge te kan ervaar.

Al hierdie ondervindinge is vir die liggaam van Christus. Ons moet dit wat van ons gesteel is, terugwen.

Waar begin ons?

By 'n dieper intimiteit met God.

Hoe meer jy van Hom weet, hoe liefier sal jy vir Hom word.

Die goeie nuus is dat dit nie net ons is wat Hom beter wil leer ken nie, Hy het net so 'n groot begeerte om jou beter te leer ken.

Die een ding oor al die eeue wat mense gekeer het om hemel toe te gaan, was God se woorde: 'Ek ken jou nie'.

God wil vir Sy hele liggaam meer openbaring gee van die werklikheid van die bo-natuurlike lewe.

Ons moet ophou glo dat visies, drome, transe, besoeke van engele, die profetiese, Goddelike besoeke en om in die Gees uit te beweeg, nie vir ons bedoel is nie.

Nee, dit gaan net meer en meer word.

Die hele doel van alles wat ek noem is net om in 'n dieper intimiteit met die Heilige Gees te gaan en om meer vrug in jou lewe te kan ervaar.

Elke geestelike ondervinding gaan daaroor om al hoe meer soos Jesus Christus te wees.

Daarom moet ons doel wees: Groter openbaring van die kennis van Hom.

Dit maak net dat ek net al hoe meer van myself vir Hom wil gee.

Hier wil ek net graag iets meer oor **engele** sê.

Ek dink nie ons besef wat 'n groot rol engele in ons lewens speel nie. Ons persepsie is dat hulle net boodskappers is om vir ons goeie nuus van die hemel af te bring. Dit is inderdaad so, maar hulle is hier by ons om veel meer as dit te doen.

In geestelike oorlogvoering speel hulle so 'n groot rol om die krag van die owerhede van die wêreld te breek en te kanselleer. Daar is voortdurend 'n geveg in die gees tussen engele en die demoniese gevalle engele van Satan. Hierdie geveg gaan oor jou en my.

Engel kom om ons te help om seëninge te ontvang. Maak oop julle geestelike oë, dat julle hulle kan sien en vir hulle opdragte kan begin gee.

Elke oomblik moet ek geestelike dinge bedink en bid daarvoor. Ek moet dit voortdurend uitspreek en bid daarvoor:

Gebed:

'Here Jesus, baie dankie vir die werlikheid van u engele. Dankie dat daar nou engele om ons is, en hier by ons is. Dankie vir dienende geeste, wat kom om U werk te kom doen. Dankie vir die engele wat kom help met genesing. Dankie vir die engele wat kom help om die oes in te bring. Dankie vir engele wat ons kom bystaan in ons geestelike oorlogvoering.

Dankie Vader dat die blindes sien, en die dowes hoor en die kreupeles loop.

Dankie vir U wonderwerke en genesing.

Dankie Vader vir U profetiese Woord en openbaring.

Dankie Vader vir die bo-natuurlike.

Dankie vir U Heilige Gees'.

Amen.

6.BEOEFEN DIE MAG WAT AAN JOU BEHOORT

Efesiërs 6:12

'Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bose geeste in die lug'.

Die Bybel leer ons dat hierdie bose geeste onttroon is deur Jesus Christus en nou kan ons oor hulle regeer in die outoriteit en in die gesag van die Naam van Christus Jesus.

Satan het die god van hierdie wêreld geword deurdat Adam gesondig het en so uitverkoop het aan die duiwel.

God skep die aarde en die volheid daarvan en Hy gee aan Adam volle heerskappy oor die skepping. Dit beteken eintlik dat Adam die god van hierdie wêreld geword het.

Met die val van Adam word Satan dus die god van die wêreld in sy plek.

Die Bybel sê dat daar 'n tweede Adam gekom het, Christus, om vir ons 'n plaasvervanger te wees. Jesus Christus kom om Satan finaal te onttroon deur Sy kruisdood. Ons moet besef dat alles wat Jesus kom doen het, het Hy ter wille van ons gedoen.

Die misleiding het egter verder gestrek as wat ons besef.

Die kerk het nooit werklik besef dat die Liggaam van Christus

alreeds hier op aarde as oorwinnaars kan beweeg nie.
Hulle glo nog dat Satan alles onder sy beheer het.

Ons moet weet dat ons in die wêreld is, maar nie van die wêreld is nie. Satan hoef nie te regeer oor ons nie en hy hoef ons nie te beheer nie. Ons kan oor hom heers want ons het die mag ontvang en is veronderstel om oor hom te wees.
Die sleutel is net: Beoefen die mag wat aan jou behoort.

Jesus sê in **Mattheus 28:18**

'En Jesus het nader gekom en met hulle gespreek en gesê: Aan My is gegee alle mag in die hemel en op aarde'.

Ons het te dikwels gebid: 'Nou Here, doen u dit en doen u dat'.
Maar, die mag op aarde is aan ons oorgedra.

Al die mag wat op aarde uitgeoefen kan word, moet deur die kerk gedoen word, want Christus is nie op aarde nie, Hy sit aan die regterhand van die Vader.

Maar ons, die liggaam van Christus is hier. Al Sy bevele moet deur Sy liggaam uitgevoer word. Hierdie mag is aan ons oorgedra. Ons het al die probleme net omdat ons dit toelaat – en ons doen niks daaraan nie.

Die Here sal ons voortdurend aanmoedig om die mag wat aan ons behoort, te beoefen.

Kenneth Hagin skryf hieroor:

Vir baie jare het ek vir die redding van my oudste broer gebid. Hy was die 'swartskaaap' van die familie. Ten spyte van my gebede het dit gelyk asof dit al hoe slegter gaan, in plaas van dat dit beter gaan. Ek het altyd gebid: 'Here, red hom!'

Eendag het die Here vir my duidelik gesê: 'Kyk, jy het die mag, beoefen dit nou'.

Dus het ek opgestaan en gesê: 'In die Naam van Jesus Christus breek ek die mag van die duiwel oor my broer se lewe en eis

ek sy redding!' Ek het die bevel gegee.

Wanneer 'n heerser 'n bevel gee weet hy dat dit uitgevoer sal word.

Die duiwel het probeer om aan my te sê dat my broer nooit gered sal word nie, maar ek het hom uitgelag en aanspraak gemaak op sy redding.

Nie lank daarna het my skoonsuster aan my geskryf dat my broer gered is.

Baie mense wend 'n poging aan om hierdie mag te beoefen. Wanneer omstandighede nie onmiddelik verander nie, word hulle moedeloos en val hulle terug na die natuurlike.

Hulle begin om ongelowig te praat en dien hulle self 'n neerlaag toe. Hulle gee so die duiwel weer heerskappy oor hulle.

Ons het geleer dat ons saam met Christus in die hemele sit.

Ons sit saam met Christus wat al die mag het.

Hy het egter hierdie mag aan sy kerk oorgedra, en nou behoort dit aan ons.

So is ons geroep om Hom te help deurdat ons Sy werk vir hom hier op aarde moet doen.

Ons het nie alleen net gaan sit nie, maar let op waar ons sit:

Efesiërs 1:21;

'**Bo** alle owerheid en mag en krag en heerskappy en elke naam wat genoem word,'

Kenneth Hagin vertel:

Die Woord van God sê aan ons om die duiwel te oorwin.

Hy sê: Christus het aan hom verskyn in 'n visioen.

Aan die einde van die visioen het ek 'n bese gees gesien wat tussen my en Jesus gekom het. Die gees het 'n swart wolk veroorsaak sodat ek Jesus nie langer kon sien nie.

Hy begin toe op en af spring en skreeu in 'n harde stem.

Alhoewel Jesus besig was om met my te praat, kon ek niks verstaan nie as gevolg van die ander geluid.

Ek kon nie verstaan waarom Jesus die duiwel toelaat om so aan te gaan nie. Mense vra waarom God die duiwel toelaat om sulke dinge te doen. Ek het ook gewonder hoekom Jesus nie die duiwel bestraf het sodat ek kon hoor wat Hy sê nie.

Ek het 'n paar sekondes gewag maar niks het gebeur nie. Eindelik sê ek toe aan die bose gees: 'Ek beveel jou bose gees om op te hou in die Naam van Jesus Christus'. Toe ek dit sê, val die bose gees op die vloer neer en die wolk verdwyn, sodat ek Jesus weer kon sien. Die bose gees het soos 'n hond wat slae kry, opgetree.

Hy kreun en kerm en wil nie eers na my kyk nie. Toe beveel ek hom op pad te gee en hy hardloop weg.

Jesus sê toe aan my: 'As jy dit nie gedoen het nie, Ek kon nie'. Ek sê toe: 'Here, ek weet nie of ek U reg hoor nie?' Maar Hy sê: 'Nee, Ek het gesê Ek kan nie'. Ek was verstom en nie in staat om te begryp hoekom die Here sou sê dat Hy dit nie kon doen nie.

Jesus sê toe aan my: 'Daar is geen plek in die Nuwe Testament waar enige skrywer aan die kerk sê om te bid en God te vra om iets aan die duiwel te doen nie. Mense wat vir God vra om die duiwel te bestraf, mors hulle tyd. Die minste in die liggaam van Christus het net soveel krag oor die duiwel as enige een anders en tensy gelowiges iets omtrent die duiwel doen, sal niks gedoen word nie'.

Mattheus het opgeteken dat Christus gesê het toe Hy opgestaan het uit die dood: Alle krag en mag is aan Hom gegee in die hemel en op aarde. Hierdie mag het Hy onmiddelik aan die kerk oorgedra.

Jesus sê:

'Aan My is gegee alle mag in die hemel en op aarde'.

In Markus sê Hy: 'Gaan die hele wêreld in en verkondig die evangelie aan die ganse mensdom. Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word, maar hy wat nie glo nie sal veroordeel word'. 'En vir dié wat glo sal hierdie tekens volg: In my Naam sal hulle duiwels uitdryf en met nuwe tale sal hulle spreek'.

Wat is die tekens wat elke gelowige sal volg?

1. Markus 16:17;

'In My Naam sal hulle duiwels uitdryf'.

Hy sê eenvoudig dat gelowiges mag sal hê oor die duiwel. Hulle sal die mag van die vyand breek oor hulle eie lewe en oor die lewens van hulle dierbares. Hulle sal vry wees van die vyand omdat hulle mag oor hom uitoefen.

'Hulle sal duiwels uitdryf en met nuwe tale sal hulle spreek.

Hulle sal hande op die siekes lê en hulle sal gesond word'.

Jy bid nie dat Jesus Sy hande op die siekes moet lê nie, jy moet dit doen! Wanneer jy hande op die siekes lê, beoefen jy mag oor die duiwel.

2. Jakobus 4:7;

'Weerstaan die duiwel en hy sal van jou wegvlug'.

'Jy' is die onderwerp in hierdie sin.

Jakobus het nie gesê om tot God te bid en hom te vra dat Hy die duiwel vir jou moet weerstaan nie. Jy is veronderstel om die duiwel self te weerstaan.

Daar staan nie dat hy van Jesus sal wegvlug nie, daar staan geskrywe dat hy **van jou** sal wegvlug.

Die mag is joune en gevoel het niks daarmee te doen nie.

Die mag behoort aan jou of jy voel dat jy dit het of nie.

Die verkeersman wat sy hand lig en die verkeer laat stilhou mag dalk nie voel dat hy dit doen nie, maar die mag werk of hy dit voel of nie.

3. 1 Petrus 5:8;

'Wees nugter en waaksaam, want julle teëstander, die duiwel, loop rond soos 'n brullende leeu, en soek wie hy kan verslind'.

Jou teëstander beteken jou opponent of iemand wat teen jou is.

Dit is jou vyand, die duiwel.

Dis ongelukkig so ver as wat mense lees. Hulle sê so maklik: 'O, die duiwel is agter my bloed aan' of 'ou Kopertoon is alweer op my!' Hulle vra ons om vir hulle te bid dat die duiwel hulle nie sal kry nie. As jy so praat dan het hy jou alreeds.

Jy kan maar jou gebedsversoeke inhandig maar jy sal nog gebonde wees. Ons moet een ding beseef: Ons self moet iets daaromtrent doen.

4. 1 Petrus 5:9;

'Hom (die duiwel) moet julle teëstaan, standvastig in die geloof',

In die Bybel staan oorspronklik geskrywe: 'standvastig in **jou** geloof' en nie 'in **die** geloof' nie.

Petrus skryf nie dat net Paulus duiwels kan uitdryf nie of dat hy die duiwel vir ons sal weerstaan nie.

Elke gelowige het dieselfde mag as wat Paulus in Christus Jesus het.

Mense vra gedurigdeur hoekom hulle nie gesond word elke keer as daar iets met hulle verkeerd is nie.

Predikers het vir hulle gebid en toe daar niks gebeur nie, het mense gesê dat daar iets skort met die predikant. Nee!

Mense beseef nie dat toe hulle gered is was hulle soos babas en God het toegelaat dat ander vir hulle bid.

Maar na 'n tyd verwag Hy dat dié baba sal loop en vir homself sorg. Te veel mense wil babas bly.

God het hulle neergesit en gesê om te loop, maar hulle kan dit nie doen nie.

Wat van die mense wat nooit enige geloof beoefen het en maar altyd afhanklik is van ander se geloof?

Die Bybel sê:

'Julle teëstander, die duiwel, loop rond soos 'n brullende leeu, en soek wie hy kan verslind. Hom moet julle teëstaan, standvastig in die geloof'.

Jy kan iets daaraan doen. Jesus, Jakobus en Petrus sê aan ons om iets omtrent die duiwel te doen.

Efesiërs 4:27;

'En gee aan die duiwel geen plek nie'.

Moenie aan die duiwel 'n plek of 'n houvas op jou gee nie. As jy 'n plek aan die duiwel gegee het kan Jesus niks daaraan doen nie, want jy het die mag en jy het die duiwel toegelaat. Tensy jy self iets aan die duiwel doen, moet jy weet dat Jesus niks daaraan kan doen nie.

Jesus sê baie duidelik: Hy het alles alreeds aan die duiwel gedoen wat Hy wou doen. Hy sê dat Hy opgestaan het uit die dood en so mag oor die Satan gekry het, maar dat dié mag alreeds oorgedra is aan die kerk. Die gelowiges is vrygestel met hierdie mag.

Kolossense 1:13;

'Hy wat ons verlos het uit die mag van die duisternis en oorgebring het in die koninkryk van die Seun van sy liefde'.

God sê: Daar gaan niks meer omtrent die duiwel gedoen word totdat die tyd sal aanbreek dat die engel van die hemel sal neerdaal en Satan vir 'n tyd sal bind in die put en daarna sal hy gewerp word in die poel van vuur.

Ons moet verseker wakker word en ons manier van bid verander en die duiwel teëstaan.

Ons het die mag om dit te doen.

Ons sit aan die regterhand van die Vader, ver bokant alle owerhede en krag.

As ons ver bo alle owerhede en krag is, dan het ons mag oor hulle.

Jesus kom sê vir ons in **Lukas 10:19**;

'Kyk, Ek gee aan julle die mag om op slange en skerpioene te trap, en oor al die krag van die vyand; en niks sal julle ooit skade doen nie'.

Die vyand het reeds te lank op ons getrap.

Kom ons staan op en neem ons regmatige plek in – en dit is om te heers soos oorwinnaars.

7.DIE WAPENS VAN ONS STRYD

Die gelowige moet voortdurend beklee wees met 'n sekere soort wapenrusting.

Efesiërs 6:10-11;

'Eindelik, my broeders, word kragtig in die Here en in die krag van sy sterkte. Trek die volle wapenrusting van God aan, sodat julle staande kan bly teen die liste van die duiwel. Want ons worstelstryd is nie teen vlees nie'.

So 'n man is 'n sterk man. Die duiwel sal enige iets in sy vermoë doen om te verhinder dat jy tot kennis hiervan sal kom.

Alhoewel ons mag het oor duiwels en bose geeste, het ons nie mag oor ons medemens of sy wil nie.

Ons het nie beheer oor die menslike wil nie, maar ons het mag oor die duiwel wat alles in sy vermoë doen om beheer oor daardie wil te behou.

Jy kan vir baie jare probeer om iemand te oortuig om te verander, maar as dit sy keuse is om ongered te bly, sal oortuiging min help. Die enigste kans is om die duiwel nou teen te staan wat hom geblind-doek hou. Daar is soveel getuienisse van mense wat dan sê: 'Satan, in die Naam van Jesus Christus, ek breek jou krag oor my broer se lewe en ek eis sy vrylating en verlossing'.

Na twee tot drie weke kom hy tot redding!

Hierdie is die stand wat ons moet inneem en die mag beoefen wat aan ons behoort. Ons moet meer in die gees optree in sulke gevalle. Beklee jouself met God se Woord van mag.

As jy egter gaan probeer om te handel volgens God se Woord en jy het nie die Woord in jou eie gees eers ingegraveer nie, sal die duiwel jou seer maak.

As jy jou fondament op God se Woord het en daarvolgens handel, sal jy die duiwel elke keer `n neerlaag toedien.

Die Bybel maak onderskeid tussen om duiwels uit te dryf en om siekes gesond te maak. Baie keer reageer sekere dinge nie op gebed of die oplegging van hande nie, omdat die oorsaak van die probleem `n bese gees is.

Ek lees onlangs in `n artikel van `n vrou wat van haar verstand afgeraak het en in `n inrigting opgeneem is. `n Sekere professor het haar daar in sy lesse gebruik om studente te onderrig.

Daar kom toe eendag `n geesvervulde prediker haar besoek om vir haar te bid. Hy het net daar in die hospitaal sewe bese geeste uit haar gedryf en sy was normaal.

Hierdie het so `n indruk op die professor gemaak dat hy die prediker genooi het om vir almal daarvan te vertel.

Die gevolg is dat die professor en sy vrou net daar die Here aangeneem het en gelowig geword het.

Die professor het net daar `n verklaring gemaak dat bese geeste `n groter uitwerking op die wêreld het as wat tevore gemeen is. Sedertdien is daar soveel mense, vir wie medies niks meer gedoen kon word nie, so goddelik volkome genees.

Jy kán bevry word van die oppressie van die liggaam en jy kán vrygestel word van depressie van die gemoed. Jy kan mag uitoefen oor alle onsienlike kragte en jy kan mag uitoefen oor andere terwyl hulle in jou teenwoordigheid is. Dit is alles moontlik.

As jy kan leer hoe om gesag soos hierdie in jou huis te beoefen, sal dit resultate lewer.

Wanneer mense in families buitengewone kwaai dinge doen, kan situasies verander as ons hulle kan leer hoe om op te tree. Die kinders van God moet net geleer word hoe om mag daarvoor uit te oefen. Hier probeer jy nie mag oor mense se wil beoefen nie, maar oor die gees wat veroorsaak dat hulle so optree.

Eendag het Jesus aan sy dissipels vertel dat Hy aan 'n kruis gehang gaan word. Petrus het teëgepraat en gesê: 'Nie dit nie, Here!'

Jesus het onmiddelik beheer oor die situasie geneem en gesê: 'Gaan weg agter my, Satan.'

Hy het nie hier vir Petrus 'n duiwel genoem nie, maar Petrus het homself beskikbaar gestel aan die duiwel.

Sommige kere stel Christene hulle self beskikbaar aan die duiwel. Onthou net dat ons mag daarvoor kan uitoefen.

Dit is ook moontlik vir ons om mag te neem oor vrees.

Die Bybel sê in **2 Timotheus 1:7**;

'Want God het ons nie 'n gees van vreesagtigheid gegee nie, maar van krag en liefde en selfbeheersing'.

Die Bybel noem vrees hier 'n 'gees'. God het ons egter 'n gees van krag en liefde en selfbeheersing' gegee.

Dit is absoluut Christene se plig om mag te neem oor vrees en twyfel. Die oomblik wat jy twyfel, moet jy dadelik sê: 'Twyfel, ek weerstaan jou in die Naam van Jesus Christus'.

As jy dit kan doen sal vrees en twyfel jou net daar verlaat.

Op dieselfde manier het ons ook mag oor diegene wie die waarheid teëstaan. Te veel mense sit en toekyk en wag dat Jesus iets daaraan moet doen. Nee, jy moet self iets daaraan doen!

Baie keer kom ons tot die gevolgtrekking dat sekere beproewings van die vyand is, en ons roep tot God om die vyand te bestraf en die om-standighede lyk asof dit wil verander.

Maar, God se Woord sê aan ons om hom self te bestraf. Die Woord sê ook: **Jakobus 4:7;**

'Weerstaan die duiwel, en hy sal van julle wegvlug'.

Die mag oor Satan behoort aan jou.

Die verantwoordelikheid berus by jou.

In hierdie tydperk waar ons nou ingaan, raak ons so bewus dat 'n heilige en verhewe bediening vir ons voorlê. Nou is die tyd van jou toetsing en voorbereiding. Wees sterk en niemand sal in staat wees om voor jou stand te hou nie, al die dae van jou lewe.

Beoefen jou mag. Sekere toestande het geheers omdat ons dit toegelaat het.

Mattheus 18:18;

'Voorwaar Ek sê vir julle, alles wat julle op die aarde bind, sal in die hemel gebonde wees; en alles wat julle op die aarde ontbind, sal in die hemel ontbonde wees'.

'n Ander verklaring lees so: 'Watter dinge julle weier om toe te laat op aarde, sal geweier word om toegelaat te word in die hemele'.

John Alexander Dowie van Skotland het 'n magtige bediening gehad. Hy het altyd hierdie vers aangehaal as hy mense bedien.

In die teenwoordigheid van ses predikante en drie mediese dokters het Dowie na 'n man voor hom gekyk.

Daar het 'n groot kankeragtige groeisel in sy gesig gegroei.

John Dowie het hierdie gewas vasgevat en gesê: 'Ek weier om hierdie kanker toe te laat op jou. In die Naam van die Here Jesus Christus, kom af'.

Hy het doodeenvoudig hierdie gewas net afgestroop van die man se gesig. Die geneeshere het onmiddelik die man ondersoek en gesê dat die vel van sy gesig soos dié van 'n pasgebore baba is.

Hulle laaste verslag het gelees: 'Moenie aan ons sê dat jy nie die geloof en gesag van 'n man soos hy kan navolg nie'.

Ons moet egter nie verbaas wees daaroor nie, want Jesus het gesê die werke wat Hy doen, ons ook sal doen.

God se begeerte vir jou lewe is nie net om jou te genees en vry te maak nie, maar ook om jou volkome te reinig.

Lukas 17:11-19

'En toe Jesus in 'n sekere dorp ingaan, kom tien melaatse manne Hom tegemoet, wat op 'n afstand bly staan het. En hulle het hul stem verhef en gesê: Jesus, Meester, wees ons barmhartig!

En toe Hy hulle sien, sê Hy vir hulle: Gaan vertoon julle aan die priesters. En onderwyl hulle weggaan, het hulle rein geword. En een van hulle, toe hy sien dat hy gesond was, het omgedraai en God met 'n groot stem verheerlik. En hy het op sy aangesig neergeval by sy voete en Hom gedank. En hy was 'n Samaritaan.

Toe antwoord Jesus en sê: Het tien nie rein geword nie? En waar is die nege? Was daar niemand onder hulle te vinde wat omgedraai het om God te verheerlik nie?

En Hy sê vir hom: Staan op en gaan; jou geloof het jou gered'.

Die melaatses is genees en vrygemaak. Die melaatsheid het gestop.

Hulle het dadelik besef: Ons is genees!

Hulle het nie vingers of tone of neuse meer gehad nie, want die melaatsheid het dit weggevreet oor die jare.

Wat gebeur egter met die man wat teruggekom het om dankie te sê?

Toe Jesus sien dat hy terugkom, het hy weer aan hom geraak en hom volkome gereinig.

Skielik groei sy vingers en sy tone weer terug. Sy neus word weer gevorm en hy word totaal herstel.

Dit is wat God wil doen in ons lewens – totale herstel.

Johannes 5:1-14;

‘Jesus het opgegaan na Jerusalem.

En daar is in Jerusalem by die Skaapspoort ‘n bad met vyf pilaargange wat in Hebreeus Betésda genoem word.

Daarin het ‘n groot menigte siekes gelê, blindes en kreupeles en lammes, wat op die roering van die water gewag het.

En ‘n sekere man was daar, wat agt en dertig jaar aan sy siekte gely het. Toe Jesus hom sien lê, terwyl Hy geweet het dat hy al ‘n lang tyd siek was, sê Hy vir hom: Wil jy gesond word?

Jesus sê vir hom: Staan op, neem jou bed op en loop. En dadelik het die man gesond geword en sy bed opgeneem en geloop.

Daarna het Jesus hom in die tempel gekry en vir hom gesê: Kyk, jy het gesond geword; moenie meer sondig nie, sodat daar nie iets ergers met jou gebeur nie’.

Nadat Jesus hierdie man aangeraak en vrygemaak het, was hy genees. Daar was egter nog nie totale herstel nie.

Jesus het geweet dat sonde die groot probleem was. Toe Hy hom in die tempel kry, waarsku Jesus hom daarteen: ‘Kyk, jy het gesond geword. Moenie meer sondig nie, daar gaan probleme kom as jy dit doen. Iets erger gaan met jou gebeur!’ Ons moet so seker wees dat ons in totale reiniging beweeg.

Hoe gaan ons gereinig word?

2 Korinthiërs 7:1;

'Terwyl ons dan hierdie beloftes het, geliefdes, laat ons ons van alle besoedeling van die vlees en die gees reinig, en laat ons die heiligmaking in die vrees van God volbring'.

Dis baie duidelik dat Paulus ons self hier verantwoordelik maak vir ons reiniging.

Wat moet ek doen om gereinig te word?.

1 Johannes 1:9;

'As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig'.